# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# FEBRUARIE / MAART

# 2006

## AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL

**SG**

**Tweede Vraestel : Letterkunde**

**102-2/2**

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL SG: Vraestel 2

18 bladsye

102 2 2 SG

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS**.

---

## AFDELING A
***Kringe in 'n Bos* (Dalene Matthee)**

| Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. | | **Bladsy** |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | | **3** |

## AFDELING B
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 2** | **Sproeireën** | **6** |
| **Vraag 3** | **Voël** | **7** |
| **Vraag 4** | **last grave at dimbaza** en **Ek is oek important** | **8** |

## AFDELING C

***Kinders van die aarde* (Charles Fryer)**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 5** | **Storm op die berg** en **Rooikoos Willemse is soek** | **11** |
| **VRAAG 6** | **Die wedloop** en **'n Man kom tuis** | **13** |

## AFDELING D

***Gooi hom in die sloot* (Roelf van Rensburg)**
Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

| | |
|---|---|
| **VRAAG 7** | **16** |

## AFDELING A

**ROMAN: *Kringe in 'n Bos* – Dalene Matthee**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n nuwe bladsy.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

### VRAAG 1

### GEBEURE WAT SAUL SE LEWE BEÏNVLOED

> "As jy nie vir my die geweer gee nie, sal ek een op die dorp loop kry. Maar Terblans sal Oupoot nie skiet nie, dit sê ek nou vir jou vir die laaste keer."

**VRAE:**

1.1 Hulle blameer Oupoot vir klein Jorampie se dood. Waarom kon Oupoot volgens Saul nie skuldig wees nie? (1)

1.2 Watter vraag vra Saul vir sy pa nadat hulle die waenhout dorp toe geneem het? (1)

1.3 Voltooi: Toe Saul die eerste keer die see sien, het hy homself belowe dat hy eendag op 'n 1.3.1 _______ sal klim en daar waar die 1.3.2 _______ deur die gat skuim, sal hy deurvaar die oopsee in en vry wees soos 'n voël. (2)

1.4 Noem TWEE dinge wat Saul op die Bybel sweer nadat MacDonald vir Joram 'n tweede keer weggestuur het. (2)

1.5 Hoe het Saul opgetree teenoor Joram toe Joram die mooiste kalander in die Bos gaan uitsoek het om dwarslêers te kap? (1)

1.6 Wat besef Saul ten opsigte van die houtkopers toe hulle die stinkhout afgelaai het? (1)

1.7 Na die stinkhoutaflaaiery neem Saul 'n besluit wat sy hele lewe verander. Kies die KORREKTE antwoord.

A. Hy wil Kimberley toe gaan vir diamante.
B. Hy gaan kap hout in 'n ander span.
C. Hy loop nie meer 'n pad wat nêrens uitkom nie.
D. Hy wil in die Kaap gaan werk. (1)

1.8 Hoe het Saul gereageer toe sy pa dood is? (1)

1.9 Wat doen Saul toe hy besluit het om MacDonald se diens te verlaat? (1)

1.10 Die enigste persoon wat ooit in Saul geglo het en geglo het dat die bloubokkie se gal nie in sy kop sit nie, was __________.

A. Anneries
B. Kate
C. Arend
D. Maska (1)

**[12]**

**EN**

**SO SIEN MENSE VIR SAUL**

> ... vry wees van alles wat hy eenmaal liefgehad het, die Bos, die mense van die Bos, die dinge van die Bos. Van Kate. Van Oupoot.

1.11 Hoe het Joram gereageer toe Saul vir hom vertel het van MacDonald se werksaanbod? (2)

1.12 Wat het MacDonald gedoen toe Saul na die skip gekyk het terwyl hy moes werk? (1)

1.13 Voltooi: Toe Saul die eerste Kersfees huis toe is, het Jozef vir Saul daarvan beskuldig dat ________. (1)

1.14 Wat het Maska vir Saul genoem toe Maska besef dat dit waar is dat Saul Oupoot se mens-broer is? (1)

1.15 Volgens Maska het Oupoot vir Saul as sy mens-broer gekies, omdat Saul ________.

A. nie 'n lafaard of verraaier was nie
B. dikwels in die moeilikheid was
C. nie vir Oupoot omgegee het nie
D. altyd 'n probleem moes oplos (1)

1.16 Nadat Saul sy eerste goud op die dorp verkoop het, ontmoet hy vir Kate en Jane toe hy op pad terug is Bos toe. Waarvan beskuldig Kate vir Saul en wat was haar straf? (2)

1.17 Drie antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE KORREK NIE? Saul het genoeg rede gehad om MacDonald te haat, omdat MacDonald _______.

A. die houtkappers in die skuld gehou het
B. nie vir Saul betaal het vir sy werk nie
C. bygedra het tot Arend se dood
D. nie wou hê dat Saul Kersfees huis toe moes gaan nie (1)

1.18 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê. Saul is gereeld elke maand deur MacDonald betaal. (2)

1.19 Noem TWEE redes waarom Patterson volgens MacDonald Bos toe wou gaan. (2)

1.20 Wat het Patterson gesê van die goud in die Bos? (1)

1.21 Watter ooreenkoms het Patterson met Saul gemaak toe Patterson in die Bos mal wou word van vrees vir die mis? (1)

1.22 Waarmee het Arend Botha die goudsoekers bang gemaak vir die olifante? (1)

**[16]**

**EN**

**DIT WAT SAUL GELEER HET**

| "Dis opvallend dat jy nie meer baklei nie." |
|---|

1.23 Voltooi: Saul het van sy ma geleer 1.23.1________ en van sy pa 1.23.2 ________. (2)

1.24 Noem die belangrikste lesse wat Saul op die ouderdom van

1.24.1 vyf jaar; en
1.24.2 nege jaar geleer het. (2)

1.25 Watter baie belangrike feit het Saul geleer oor die grootmense nadat hy die bloubokkie se kop oopgekap het? (1)

1.26 Saul het uit ervaring geleer dat Oupoot op sekere tye altyd naby hom was. Watter tye was Oupoot altyd naby Saul? (1)

1.27 Saul het in sy lewe geleer en geglo dat 'n mens net 'n mens is as jy 1.27.1 ________ het en boonop 1.27.2 ________ is. (2)

1.28 Wat is al wat Saul saam met hom neem toe hy op die *Pictor* klim om weg te kom van alles wat vir hom eens so belangrik was? (2)

1.29 Saul het by Patterson geleer om goud uit die strome te was. Wat het dit vir Saul in sy lewe beteken? (1)

1.30 Wat het Saul op Swellendam by oom Abraham Steyn geleer? (1)

**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## POËSIE

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord elke vraag op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2

### *SPROEIREËN* – D.J. Opperman

**SPROEIREËN – D.J. Opperman**

My nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand ... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

As ek 'n stukkie nartjieskil
tussen my vingers buig of knak,
breek uit die klein sproeireën
wat geurend om my hand uitsak,
die boorde weer van Swartfoloos
en met die nartjies om my heen
weet ek hoe dat 'n vrou kan troos.

O my nooi is in 'n nartjie,
my ouma in kaneel,
daar's iemand... iemand in anys,
daar's 'n vrou in elke geur!

**D.J. Opperman**

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.1 Voltooi die paragraaf deur woorde wat uitgelaat is in te vul. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

Volgens die spreker is sy nooi in 'n 2.1.1 ________ en sy ouma in 2.1.2 ________. Hy onthou dat daar 2.1.3 ________ in anys was, maar hy het vergeet wie dit was. Die spreker erken ook dat daar 'n 2.1.4________ in elke 2.1.5 ________ is. (5)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Die spreker weet hoe 'n _______ kan troos.

A. man
B. vrou
C. nartjie
D. kaneel (1)

2.3 Watter vrug herinner die spreker aan sy nooi? (1)

2.4 Wat gebeur as die spreker die nartjieskil buig? (1)

2.5 In watter boorde het die spreker en sy nooi geloop? (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.
GEUREND beteken ________.

A. aangename reuk
B. slegte reuk
C. vrot nartjie
D. stukkie skil (1)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 3**
***VOËL* – R.K. BELCHER**

**Voël**

Met gras en waaisand half bedek
lê muf en benerig 'n voël
met stywe bene en wydoop bek.

Die vlerke wat eers hoog en blink
gestyg het in die môreson
lê sonder vere en effens stink

en waar 'n vloed van sange was
is alles stil, is alles dood
onder die waaisand en die gras.

O moenie dat jou hande beef
want alles wat die dood afsny
moet jy laat leef.

Haal dan jou sakmes uit
en sny 'n hol, wit beentjie uit sy bors
en maak daarmee 'n fluit.

**Uit:** ***Ver Land***

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

3.1 Ons lees in die eerste twee strofes van die liggaamsdele van die voël. Wat is verkeerd met die bene, vlerke en bek? (3)

3.2 Hoekom kan 'n mens die voël amper nie raaksien nie? (2)

3.3 Noem TWEE aktiwiteite wat die dooie voël nie meer kan doen nie. (2)

3.4 Voltooi die paragraaf deur die woorde wat weggelaat is in te vul. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
Die spreker gee raad aan die leser dat sy hande nie moet 3.4.1 ________ nie, maar om sy 3.4.2 ________ uit te haal, 'n wit beentjie uit die voël se bors te sny en daarmee 'n 3.4.3 ________ te maak. (3)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 4**
***"LAST GRAVE AT DIMBAZA"* – Fanie Olivier**

*"last grave at dimbaza"*

1 beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

2 die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

3 sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

4 hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

5 saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

6 "beauty douglas was born
she died"

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Haal die WOORD aan wat die seisoen aandui toe beauty douglas gebore is. (1)

4.2 Na watter tien ander gesiggies word daar in die eerste strofe verwys? (1)

4.3 Watter AGTEREENVOLGENDE WOORDE dui aan dat hulle nie meer kos het nie? (2)

4.4 Haal TWEE frases aan wat na die lobola-stelsel verwys. (2)

4.5 Watter WOORD sê vir ons dat die vader seker wou maak dat sy brief vinnig en veilig by sy vrou uitkom? (1)

4.6 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Beauty se pa het haar na haar geboorte gesien. (2)

4.7 Watter WOORDE wat die pa geskok het, het hy in die tweede brief gekry? (1)
**[10]**

**EN**

***EK IS OEK IMPORTANT* – Peter Snyders**

**Ek is oek important**

As al julle geldgatte
julle geld gespendit,
En julle bananaskille
innie slootjie gegooi het,
en julle bustikkits
soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
opgedrink het
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte
en stukkene boksies
en papiere
r o n d g e g o o i h e t . . .

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important.

**Peter Snyders**

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.8 Watter tipe werk doen die spreker in die gedig? (1)

4.9 Met wie praat die spreker in die gedig? Haal EEN WOORD aan. (1)

4.10 Wat doen die ryk mense met hulle geld? Gee EEN WOORD. (1)

4.11 Waar word die piesangskille neergegooi? (1)

4.12 Voltooi: Die mense skeur hulle 4.12.1 ________ (een woord) op en strooi dit soos 4.12.2 ________ (een woord). (2)

4.13 Staain is __________________. Kies die KORREKTE antwoord.

A. wit wyn
B. wit spiritus
C. brandewyn
D. whisky (1)

4.14 Hoekom gooi hulle hulle "cool drink blikkies" weg? (1)

4.15 Hulle eet nie die vrugte nie, want dit is 1.8.1 ________. (1)

4.16 Watter WOORD dui daarop dat die gemors oor 'n wye gebied gegooi word? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C
### KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.


### VRAAG 5
### STORM OP DIE BERG (W.A. de Klerk) en ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK (Abraham H. de Vries)

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Kyk na die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae oor **STORM OP DIE BERG**.



5.1.1 Gee die name van die drie karakters in die prentjie. (3)

5.1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Waar het die drie jongmense gaan bergklim?

A. Ceres
B. Worcester
C. Hexrivier-gebied
D. Drakensberge (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.


Hulle het gedurende die ________ -vakansie gaan stap.

A. April
B. Julie
C. September
D. Desember (1)

5.1.4 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die jong meisie is op universiteit. (2)
**[7]**

5.2 Kyk na die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae oor **ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK**.



5.2.1 Wat is die naam van die man in die prentjie, volgens die kortverhaal? (1)

5.2.2 Wat was die man se swak puntjie? (1)

5.2.3 Watter twee spanne het daardie Saterdag teen mekaar rugby gespeel? (2)

5.2.4 Wie het die wedstryd tussen hierdie twee spanne gewen? (1)

5.2.5 Wat het met die man se baard na die wedstryd gebeur? (1)

5.2.6 Watter kleur was die man se hare **voor** die wedstryd? (1)

5.2.7 Watter kleur was die man se hare **na** die wedstryd? (1)
**[8]**

**EN**


**VRAAG 6**
**DIE WEDLOOP (Pirow Bekker)** en **'N MAN KOM TUIS (Chris Barnard)**

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

6.1 Kyk na die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae oor **DIE WEDLOOP**.



6.1.1 Wie het verlede jaar die hoogspring gewen? (1)

6.1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

In watter ander item kompeteer hulle teen mekaar?

A. Naellope
B. Verspring
C. Spiesgooi
D. Aflosse (1)

6.1.3 Voltooi die paragraaf deur die KORREKTE antwoorde neer te skryf. Gebruik die woorde wat in die blokkie verskaf is. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

| Noordburg, fiets, roomys, koeldrank, Blinkklip, Super Fast-baan, gediskwalifiseer, geval |
|---|

Verlede jaar het die atletiekbyeenkoms by A ________ plaasgevind. Salmon se skoolspan het verlede jaar net-net gewen, omdat een van Vis-hulle se aflosse B ________ was. Baie mense was ongelukkig. Hierdie jaar vind die byeenkoms by C ________ plaas en almal is gereed vir die groot dag. Salmon en Vis ontmoet mekaar by die tent en Vis besluit om D ________ te koop. Vis besluit om vir Salmon sy E ________ by die huis te gaan wys. Salmon wou eers nie saamgaan nie, maar besluit om tog te gaan. (5)

6.1.4 Kies die TWEE KORREKTE antwoorde. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTERS neer.

By Vis se huis speel hulle met sy karretjies. Watter TWEE karretjies was die vinnigste?

A. Bertone
B. Capri Perana
C. Blue Shark
D. Lamborghini (2)

6.1.5 Salmon en Vis baklei met mekaar oor die karretjies en Salmon gaan terug na die atletiekbaan. Wat gebeur met Salmon toe hy oor die draad probeer spring? (1)

6.1.6 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Hoe het Vis uiteindelik vir Salmon by die atletiekbaan gekry?

Hy ________ hom.

A. dra
B. stoot
C. trek
D. abba (1)

6.1.7 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê. Vis het vandag alleen deelgeneem, omdat Salmon seergekry het. (2)

**[13]**

6.2 Kyk na die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae oor 'n **MAN KOM TUIS**.



6.2.1 Mnr. Gouws het 'n geleentheid saam met 'n onbekende man gekry. Waarheen is Gouws op pad? (1)

6.2.2 Wat se tipe werk doen Gouws? (1)

6.2.3 Voltooi die paragraaf deur net die KORREKTE antwoord neer te skryf. Gebruik die woorde wat in die blokkie verskaf is. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

| |
|---|
| tent, Wilgerspruit, huis, vyfhonderd, Skurweberg, duisend, maand, week |

Meneer Gouws is besig met die pad A ________ toe en hy woon in 'n B ________ langs die pad wat hulle maak. Hy sien sy familie een keer 'n C __________ vir 'n naweek. Dit is 'n D ________ kilometer heen en weer na sy familie toe. (4)

6.3 Pas die sinsdele in **Kolom B** by die woorde in **Kolom A**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.3.1 Sienie | A. Hy sal hom eerste sien |
| 6.3.2 Eerste vrou | B. Hy ken die wêreld soos die palm van sy hand |
| 6.3.3 Hond | C. Een van Gouws se kinders |
| 6.3.4 'n Voordeel van Gouws se werk | D. Jongste suster van sy vorige vrou |
| 6.3.5 Tweede vrou | E. Oorlede in 'n motorongeluk |

(5)

6.4 Wat het Gouws vir sy vrou gekoop en huis toe gebring? Noem slegs EEN. (1)
**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D
## ROMAN: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

### VRAAG 7

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

**CASPER LAND IN DIE MOEILIKHEID**

"By die ingang na die seuns se kleedkamer besluit hy om gou sy gesig te gaan afspoel en 'n slukkie water te drink. Hy steek vas en kyk vlugtig na sy polshorlosie – die het hy van sy pa gekry toe hy verlede jaar die eerste onder vyftien atleet in die skool geword het wat die vyftienhonderdmeter in minder as vyf minute kon afdraf – en hy besluit dat daar nog tyd is: tien minute voordat die laaste periode begin. Hy kan in ieder geval maar die res van die periode stokkiesdraai."

**VRAE:**

**INSTRUKSIES:**

- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Lees die bostaande aanhaling en beantwoord die vrae.

7.1.1 Wie se klere het in die kleedkamer gehang? (1)

7.1.2 Hoekom het hierdie leerlinge se klere hier gehang? (1)

7.1.3 Wat dink Casper dadelik wil hy met die beursie doen wat hy opgetel het? (1)

7.1.4 Casper dink aan drie dinge wat hy met die geld sou doen as hy die eienaar van die beursie was. Noem die DRIE DINGE. (3)

7.1.5 Voltooi: "Hefer!" dreun 'n stem agter hom en Casper ruk om.

Dis (a) __________(wie) 'n sproetgesig-prefek met 'n wilde bos (b)__________ (watter kleur) hare wat op die drumpel staan en Casper met 'n frons aankyk. (2)

7.1.6 Waarvan beskuldig die prefek vir Casper? (1)
**[9]**

7.2 Pas die beskrywing in **Kolom A** by die naam in **Kolom B**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 7.2.1 | Engelse onderwyseres verkla vir Braam omdat hy nie sy huiswerk doen nie | A. Casper |
| 7.2.2 | Tel 'n beursie in die kleedkamer op | B. Paul |
| 7.2.3 | Breek die geveg tussen Bertrand en Casper op | C. Braam |
| 7.2.4 | Skryf af in 'n Taalkundetoets | D. Philip |
| 7.2.5 | Ondersoek die daggasaak | E. Nora |
| 7.2.6 | Het op Swartgrond 'n kafee besit | F. Snyman |
| 7.2.7 | Sy bring vir Tom-hulle kos om te eet | G. Monica |
| 7.2.8 | Hy werk vir Paul | H. Rina |
| 7.2.9 | Sy wens haar man het meer ambisie en ideale | I. Marius |
| 7.2.10 | Glo dat haar dogter nie betrokke is by dagga nie | J. Hamman |

**[10]**

## MONICA EN WESSEL

> "Ja. Nou moet jy hom help om sy vuilwerk te doen." Sy lag kortaf. "Hy maak mos gereeld so!"

7.3 Lees die bostaande aanhaling aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae.

7.3.1 Wie is hier aan die woord? (1)

7.3.2 Met wie praat die persoon? (1)

7.3.3 Wie se vuilwerk moet die persoon gereeld doen? (1)
**[3]**

## DR. WELTHAGEN SE BESOEK AAN MNR. LATEGAN

7.4 Hoekom kom besoek dr. Welthagen vir Wessel? (1)

7.5 Waar sê Wessel vir dr. Welthagen het die Mari-klub Vrydagaand vergader? (1)

7.6 Noem TWEE dreigemente waarmee Wessel dr. Welthagen dreig. (2)

7.7 Hoe voel Monica oor Wessel na sy gesprek met dr. Welthagen?

A. Teleurgesteld
B. Kwaad
C. Trots
D. Ongemaklik (1)

**[5]**

## DIE DAGGASAAK

7.8 Hoekom is Louis in die moeilikheid by sy pa? (1)

7.9 Wie het vir Madeline gedreig om stil te bly oor die dagga? (1)

7.10 Wie het vir Louis weggejaag by die hospitaal? (1)

7.11 Wie is besig om die daggasaak te ondersoek? (1)

7.12 Met wie was Louis in 'n vuisgeveg betrokke? (1)

7.13 Waarvan sal die mense in Pretoria volgens Bertha hoor wat mnr. Uys se bevordering moontlik kan beïnvloed? (1)

7.14 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Mnr. Uys besluit om die leerlinge wat by die daggasaak betrokke was te skors. (2)

7.15 Watter tipe werk doen Casper se pa? (1)

7.16 Wie se stem klink vir Casper soos 'n pyporrel, en haar lyf lyk soos 'n telegraafpaal en haar gesig soos 'n busongeluk? (1)

7.17 Wat is die soet-brandende reuk wat Wessel die aand tydens die debat in die gereedskapkamertjie ruik? (1)

7.18 In wie se gereedskapkamertjie kruip die rokers weg? (1)

7.19 Het mnr. Lategan die rokery gaan aangee by mnr. Uys? Motiveer jou antwoord. (1)

**[13]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**